

Dinsdag 8 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16

Gewoontegodsdiens is uiters gevaaarlik!

Kyk weer na die gevaaerpunt: Die gemeentelede van Laodicea was nie so sondig dat hulle hul teen God verset het nie. Hulle was net neutraal in hulle godsdiens. Hulle het gewoond geraak aan hulle godsdiens. Om God te aanbid, het vir hulle die varsheid en nuutheid wat dit behoort te hê, verloor. Hulle het maar so-so geglo. Dit is waarom die Here hulle uitgespoeg het. Die groot probleem van daardie gemeente was dat hulle die toestand waarin hulle was, nie kon raaksien nie.

Is al die dinge nie dalk ook grootliks waar van ons nie? Ons moet hieroor besin, want ons moet almal die een of ander tyd voor God verskyn en hiervan rekenskap gee. Die Here stel ons in hierdie brief voor die eis dat ons ons dadelik met volle erns moet bekeer (vs 19).

Ons kan op twee maniere op die Here se eis reageer. Eerstens kan ons op die Here se aanspraak tot verbetering dadelik op ons knieë gaan en berou toon en vergifnis vra - wat dadelik aan ons geskenk word as ons dit opreg vra. Of ons kan soos Kaïn teen God in verset kom. U moet nie dink dat hy ongelowig geword het nie: hy het nog saam met sy broer gaan offer. Sy offer was egter onregverdig, want hy was lou of verkeerd in sy aanbidding. God het met hom gaan praat, en hy het net sy kop laat hang.

Ons moet net besef dat ons voortdurend aan ons geloof moet werk as ons dit vars en gesond moet hou. Daarvoor is God die Heilige Gees oor die kerk uitgestort op Pinksterdag. Ons het die volle leiding en inwerking van God self wat ons deur die werk van sy Gees in ons vernuut in die gawes wat ons van die Here Jesus ontvang.

Laat ons ook met oorgawe glo - net soos wat ons Here Jesus Homself met volle oorgawe aan die kruis oorgegee het, sodat ons met ywer kan glo en getuig in ons aanbidding van die Drie-enige God.

Sing: Psalm 61-1:6

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)